

ISSN 1015-8757

JAARGANG 13 VOLUME
NOMMER 2 NUMBER
DESEMBER ● DECEMBER
1993

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
THE UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE



INHOUD ● CONTENTS

Navorsingsartikels

Ou-Testamentiese riglyne vir die kategeese

J.M.G. Prins 1

Is God in beheer? Aspekte van die agtergrond van die debat

L.F. Schulze 18

Verteller en aangesprokene in die Johannesevangelie

D.F. Tolmie 35

Tegnologiese ontwikkelinge wat moontlik 'n invloed uitgeoefen het op permanente vestiging in die sentrale bergland van Palestina in die oorgang van die laat bronstyd na die Yster I-tyd

N. van der Westhuizen 51

Teologiese Forum

Die verband tussen die Woord en die Gees in die verkondiging van die Evangelie aan ongeletterdes

R.M. Britz 68

Die toekoms van ons teologiese fakulteite

L.O.K. Lategan 75

Kerugmaties

Lewenskwaliteit: God maak die lewe die moeite werd en maak dit vir gelowiges die moeite werk om te lewe. (Ps. 16:2, 5)

J. Reyneke 79

Mattheus 1:1-17

D.F. van Tonder 86

Boekresensies

91

acta

THEOLOGICA

JAARGANG 13 VOLUME
NOMMER 2 NUMBER
DESEMBER ● DECEMBER
1993



DIE VERBAND TUSSEN DIE WOORD EN DIE GEESEN IN DIE VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE AAN ONGELETTERTDES

R. M. BRITZ?

ABSTRACT

This paper, which was addressed to illiterates as well, takes the relation between the Bible and the Holy Spirit into consideration. The theme inevitable involves the difficult question of the inspiration and authority of Scriptures. Instead of an argued theological and theoretical exposition, three appropriate texts (Luke 24:13-35, John 5:30-47, 2 Tim 3:10-4:5) are chosen and discussed. They clearly indicate that God indeed associates Himself with Scriptures. The only reason (and motive) for proclaiming the gospel and teaching the Bible to illiterates lies in fact in this merciful association.

SAMEWATTING

Hierdie referaat, wat ook deur ongeletterdes aangehoor is, behandel die verband tussen die Skrif en die Heilige Gees. Met so 'n tema kom die vraag na die gesag en inspirasie van die Bybel uiters aardig in die spel. In plaas daarvan om dit teologies en teoreties te beredeneer, is drie ter saaklike tekste (Luk 24:13-35, Joh 5:30-47, 2 Tim 3:10-4:5) gekies en met die oog op die tema "geprek". Daaruit word aangestoon dat God-drie-enig Hom met die Skrif verbind. In hierdie ontfermende verbinding is die enigste rede waarom die Bybel aan ongeletterdes verkondig en onderrig word. Daarin is trouens ook ten depreste die motief vir sending opgesluit.

1. INLEIDING

Op 'n manier is die Woord altyd in die hande van ons Vader. Die onvermydelike vraag is alleen maar hoe weet ons dit? Kan ons dit bewys? En, hoe praat 'n mens oor hierdie geheimenis wat eintlik net in konfessionele taal onder woorde gebly kan word? Waar begin jy? By die innerlike ervaring? Wie die Bybel getrou en biddend lees sal weet wat dit beteken om daardeur aan-gesprek te word. Hy sal weet dat die Heilige Gees dit wat in die Skrif staan, aan ons besiel. Sy beseelende werk raak ons ervaring en belewing - en daarom is dit eg. Dit draai ons nie 'n rat voor die oë nie. Op hierdie wyse kan 'n mens sekerlik die innerlike ervaring aanle om aan te dui dat die Heilige Gees, en

- 1 Referaat (in effens gewysigde vorm) gelewer tydens 'n EFTO kursus vir die Koning van Grootontein, Waterberg, Namibië, 2-4 Julie 1993. In die gehoor was ongeletterde christene teenwoordig.
- 2 Dr. R. M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

daarom God self, hom wel met die Bybel verbind het.

'n Ander en welsesgende moonthikheid is om die bewysgronde uit 'n historiese argumentasie op te bou. Immers, met net soveel stelligheid kan die geestes van die sending- en kerkgeskiedenis ingeroep word. Na 2000 jaar is dit sekerlik 'n bevestiging daarvan dat God deur die Gees en die Woord tussenbede gekom het toe die ewangelië verkondig is. Daarby verteen die feit dat die meeste van die aangesprokene oor die eene heen nie kon lees nie, nog verdere krag hieraan. As die Here self nie hierin teenwoordig was nie, sou daar vandag nie meer van 'n christelike kerk sprake kon wees nie.

'n Derde moonthikheid is om met 'n duidelike uiteensetting van die gesag en inspirasie van die Skrif te begin. Dit is tog hierdie sake wat onmiddellik in die spel kom as gewag gemaak word van die Werk van die Woord en die Gees in die bediening van die ewangelië ook aan ongeletterdes. Van die drie moonthikheide is dit uiters aardig die moeilikste, want dit voer ons tot ingewikkelde teologiese en teoretiese sake. Teologies en konfessioneel stel dit hoe eise wat 'n korrekte en bevredigende formulering afdwing. Diegene wat hiermee bekend is, sal weet hoe fyn beredeneerd die inspirasie teorie werklik is - of dit nou organies, meganies of relasioneel is. En, dat hierdie teorie nie werklik die betrokke geheimenis ontfael nie.

Hierteenoor kan die Skrif self oor sy verband met God aan die woord gestel word. Maar, dan moet dit die karakter dra van die verkondiging of bediening van die ewangelië, en nie uitloop op die versameling van 'n aantal Skrifuurlike bewysplase nie. Vir die doeleindes van hierdie referaat word doelbewus vir hierdie benadering gekies. Dit word gedra deur die oortuiging dat die Skrif op hierdie punt (naamlik sy verband met die Here God) helder genoeg is. En, dat God-Drie-enig (nie net die Gees nie) Hom met sy Woord oor al die eene heen verbind het. In hierdie ontfermende verbinding is die enigste rede waarom ons die Woord aan ongeletterdes (wat ook verbondskinders insluit) verkondig en hulle daarin onderrig. Ons Vader oorbrug self hierdie struikelblok in die bediening van die Woord.

2. DIE SKRIF OOR SY VERBAND MET DIE VADER, SEUN EN GEESEN

Eintlik is die saak onderliggend aan die hele Skrif. Dit maak dit 'n biejië moeliker om sonder meer 'n toepaslike Skrifgedeelte te vind. Uiteindelik is besluit om aansluiting te vind by daardie tekste in die Bybel wat betrekking het op die tyd tussen Christus se opstanding en sy hemeelvaart. Dit het presies 40 dae geduur. Dit was by uitstek die tyd waarin Hy aan sy volgelinge verskyn het (op 'n keer selfs aan 500 (egelyk), om dan weer te verdwyn. Hy het hulle gesien en met duidelike opdragte aan sy regering gebind. En, hulle aan die gelooft gehou toe Hy hulle verstand geopen het om die Skrif te verstaan. (Vgl. Matt 28, Mk 16, Luk 24, Joh 20 en 21, 1 Kor 15: 5 en 6.) Daarby dui dit op 'n

baie besondere tyd in die heilsgeskiedenis. Waarmee was ons Here Jesus werklik besig in daardie veertig dae "tussen die opstanding en die hemeelvaart? Het hy bloot die tyd omkeër saam met hulle te gee, opdragte te gee, en dan weer te verdwyn? Op 'n keer saam met hulle te eet, opdragte te verskyn, met hulle te praat, hulle te sien, hemeelvaart. Alles wat Hy hier, vlak voor die hemeelvaart gesê en gedoen het, het Hy reeds voor die kruisiging ook gesê en gedoen. Op die keper beskou aankondigings of toevoegings kom uit sy mond nie. Bestudeer 'n mens eger die ter saaklike tekste noukeurig, is die verrassende dat Hy allebehalwe 'n soort ledige bestaan gevoer het waarin Hy as 't ware die sakkie van sy aardse werk toegeknoop het. Hy was steeds besig met die Vader se dinge, en die Vader se wil. Trouens, sonder sy werksaamheid gedurende daardie veertig dae, sou daar geen sprake kon wees van die ewangelië nie.

Lukas 24:13-35 maak dit op 'n aangrypende manier vir ons oop. Daarin lees ons van die twee Emmausgangers. Hulle was druk in gesprek oor al die dinge wat in Jerusalem gebeur het in verband met Jesus van Nasaret. Jesus het Self nadergekóm om Hom te herken. Daarna het Hy 'n maalyd met hulle eger verbinde om Hom te herken. Daarna laat uitdoopte op die brekang van gedeel. Dan lees ons hoedat Hy dit alles laat uitdoopte op die brekang van die brood ... en toe uit hulle gesigsveld verdwyn het. Daarna is die twee Emmausgangers toe dadelik met vreugde terug Jerusalem toe om te bevestig dat die Here opgestaan het uit die dood en dat Hy lewe.

Met die eerste oogopslag is dit al duidelik dat dit hier nie gaan om die vreugde wat twee volgelinge van Christus gevind het nie. Dit gaan in die teks om die Here van die twee volgelinge. Hou 'n mens in gedagte dat Hy hier as die opgestane Here handel, is dit wat Hy doen van die allertrouste belang. Waarmee is Hy in die teks besig?

■ Hy kom allereers self - ongevraag, onverwags, geheel en al op eie instaat - by hulle aan. Hy deel die pad met hulle as Hy by hulle inhak en saamloop. (Vgl 13-18.)

■ As Hy hulle uitwa oor die geboure in Jerusalem, dan praat hulle oor Hom - maar op hulle eie manier en op hulle eie insig en vertolkings af. Dit klink op hoerse na die ewangelië. Hulle verwys na sy kruisiging, sy begrafnis, sy opstanding - almal elemente van die ewangelië. Maar tog is dit geheel en al nie van die ewangelië self nie (Vgl 19-24).

■ As Hy oor Homself aan die woord kom, le hy niks anders nie as die Skrifte uit. Hy begin by Moses en die profete, en betrek dit wat daarin geskrywe staan op Hom. In die plek van hulle woorde oor Hom, (19 stel Hy die Skrif oor Hom aan die woord. Teenoor hulle eie begrip, betrek Hy die Skrif op Hom (25 ev). Opvallend genoeg, vind

Hy Moses en die profete genoegsaam om hulle gebrek aan begrip en traagheid van gees te weerle. So verenselwig Hy Hom met die Skrif. ■ Toe Hy die brood breek - en daarmee sy uitleg van die Skrifte op die kruis betrek, toe Christus as die gekruisigde in die gesigsveld kom, toe eers gaan hulle oë oop (31). Op daardie oomblik, nadat die Here Jesus en die Skrifte spanningloos in 'n samehang na vore gekom het, het hulle presies gewet wie Hy werklik is. En, toe hulle oë oopgaan, toe verdwyn Hy uit hulle gesigsveld. Vir hulle het dit eger nie meer saakgemaak nie. Hy was nog by hulle. Net op 'n ander manier. Op die manier van die Gees. Daarom het hulle met versekering en blydschap, as aangeraaktes - deur die Woord en die Gees - na Jerusalem teruggekeer. (Vgl 31-35.)

Soos soveel keer voor sy kruisiging, gaan die Here Jesus in die verduideliking van wat die Vader besig is om te doen in die lewe en werk van die Seun, nie aan die Skrif verby nie. (Vergelyk byvoorbeeld die bergrde, die vele geleenthede wat hy na die Skrif verwys, die profetese rede, geliknisse, sy gesprekke met die Skrifgeleerdes, ensovoorts. Elke keer bring Hy die Woord teenoor menslike uitleg en verdraaiing na sy oorspronklike bedoeling aan die man.) Hy verbind Hom eenvoudig met die Skrif. Hy vind die Skrif daarvoor duidelik genoeg, volledig genoeg en omvattend genoeg. Hierdie verbinding mag en kan ons nie ter syde stel of ignoreer nie. Daarop rus die aanvaarding van die gesag van die Skrif, sowel as die moeth om die Skrif te verkondig - veral ook aan diegene wat nie kan lees nie.

Nog duideliker kom die betekenis hiervan uit as 'n mens die konteks waarin die teks na vore kom onder oë hou. Dit is 'n teks wat op 'n heel-besondere plek in die Bybel staan, naamlik tussen die opstanding en hemeelvaart van Christus. In die heilsgeskiedenis - dit wil se daardie geskiedenis wat ons Vader alleen maak - staan hierdie gebeurte in die teken van 'n oorgang. Die bedeling waarin die Seun, of die Woord, vlees geword het was verby, maar die bedeling van die Gees (Rom 7:6) het nog nie begin nie. Presies op hierdie tyd is die Here Jesus besig om die konteure van die wyse waarop Hy ná die hemeelvaart op aarde as Koning gaan regeer, aan sy volgelinge uit te le en aan te kondig. Hy wys hoedat dit daaraan sal toegaan as Hy na die liggaam uit hulle gesigsveld is, maar na die Gees in hulle midde sal woon. Dit sal 'n tyd wees waarin die Skrif in die verenselwing van die Here Jesus daarmee, homself sal handhaaf. Hieraan sal die laaste dae, die bedeling van die Heilige Gees dus geken word: die Skrif, Jesus uit die gesigsveld, terwyl die Heilige Gees, die Gees van Christus in hulle midde woon. Daarom se die Bybel ook dat hierdie laaste Adam die lewendmakende Gees geword het (1 Kor 15:45). So gesien, is die laaste dae die bedeling van die Woord en die Gees. In hierdie bedeling sal die mense se oë op die hoor van die Woord af, oop gaan en hulle gebrek aan begrip en traagheid van gees oortwin word. Eers wanneer Christus weer in die gesigsveld kom, sal die Woord en die Gees in 'n ander orde na

Op hierdie manier het Hy self die nuwe tyd van die Woord en die Gees ingelê. Daarom het Hy voor sy hemeelvaart verskillende opdragte aan sy volgelinge toevertrou. Een daarvan was om uit te gaan ... Die Woord en die Gees sou sorg dat die ewangelle waargemaak word, en voltooi word. Op hierdie manier bly Hy die Leidisman (Voorloper) en die Volvinder van die nuwe bedelling. 'n Koning in eie reg. So is Hy gedurende daardie deurslaggewende wenig dae aan die werk.

As dit so is dat die Here Hom op sy eie manier met die Skrif verenselwig, is dit ewe waar dat die Skrif van Hom getuig. In **John 5:30-47** kom die saak op 'n helder wyse na vore. Daarin gaan dit om die geding met die Skrifgeleerdes oor die waarheid aangaande Christus. Die begrippe wat die Heer daar gebruik kom op uit die menslike regspleging en verifikasie van die waarheid - 'n proses wat deur die Skrifgeleerdes baie goed begryp is (hulle het Johannes die Doper daaraan onderwerp, Job 1:19ev) en wat 'n Ou Testamentiese agtergrond het. In terme van hierdie proses, getuig Christus nie oor Homself nie, maar roep ander getuies op (31, 32). Allereers Johannes die Doper (33-35), hoewel Christus hom nie hoog opgee nie. Die werke wat Hy doen, getuig indringender van Hom (36). Die Getuie-by-witstek is egter die Vader Self (37). Daar is immers, so sê Hy aanvaanklik, "Iemand anders wat oor My getuig, en Ek weet dat die getuïenis wat Hy oor My af lê, waar is" (32).

Die vraag is nou of die getuïenis wat gewigtiger is as die van Johannes die Doper, werklik voorhande is? Sou die beroep op die Vader se getuïenis vir die Skrifgeleerdes binne die konteks van menslike regspleging legitiem wees? Sou hulle hierdie Getuie kon dagvaar en ondervra, soos hulle byvoorbeeld met Johannes die Doper gedoen het? Vs 39 ondervang al hierdie vrae as die Here Jesus daarop wys dat die Skrif die voorhande getuïenis van die Vader aangaande die Seun is. "Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig." Soek hulle dus na die deurslaggewende getuie? Hulle het dit al eene lank by hulle. Want dit is die Skrifte wat lewe skenk aan elkeen wat hom deur die Skrif laat lei tot Christus Jesus, wie se oë deur die Skrif geopoen word om die werke van Jesus te erken as die werk van God.

As 'n mens die Skrifte by jou her, dit deurvors, utipius en alles daaruit vernem behalwe die ontenseglike getuïenis van die Vader aangaande die Seun, dan sal juis dieselfde Skrif die groot aanklaer word van die blindheid en die ongelooft van die nuwe bedelling. Die groot getuie vir die waarheid is ook die groot aanklaer van die ongelooft en die negening van die waarheid (45-47). 'n Mens kan jou dus die bedelling van die Gees, die laaste dae, nie voorstel sonder die Bybel nie. Ons Here het, nadat Hy sy heilswerk afgehandel het en uit die dood opgestaan het, en die lewendmakende Gees (1 Kor 15:45) geword het, die Woord bedien en op Hom betrek. Daarom het mense tot inkeer gekom. Daarom het daar iets met hulle gebeur waarom hulle nie uitgepraat

kon raak nie. Hulle is verlos, gered en het nuwe mense geword. Hulle kon in die nuwe bedelling deel en as God se kinders leef. Of hulle nou kon lees of nie. Omdat die Here die Woord hierby betrek, is dit so dat geen mens buite die Woord om in die nuwe bedelling sal deel nie. Wie sonder die Woord in die bestel van die Gees will lewe, gaan eenvoudig buite die weg om wat Christus in sy heerskappy aangewys het. Literaard is daar sulke mense. Daar is diene wat aanspraak maak op die direkte inspraak van die Heilige Gees. Hulle ag, anders as Christus, die Woord oorbodig. Ander breek weer met histories-kritiese of taal-filosofiese wysheid die staf oor die Woord asof die opgestane Here niks daarmee te make het nie. Asof dit maar gewoon ou menssewoorde oor God is. Asof dit 'n teks of teksie is waaruit 'n teologiese ontfael moet word. Christus stel nie die Woord ter syde nie - ook nie voor die kruisiging nie - omdat Hy die werksaamheid van die Vader agter die Woord nie ongedaan wil maak nie. Geen enkele woord van die Skrif het trouens buite die Vader - en daarom ook nie buite Hom en die Gees - om gegaan nie. Daaroor is **2 Tim 3:16** baie duidelik. Eintlik moet **2 Tim 3:10** tot **4:5** in sy geheel gelees word. Vers 16 sê eintlik presies die teenoorgestelde as 2:14. Daar is sprake van menslike woorde wat tot geen nut is nie en wat tot ondergang van die hoorders lei (1933 vertaling). Hier is weer sprake van die Goddelike Woord, die Skrif wat deur God geïnspireer (ingegee) is, en wat daarom nuttig is tot lering, weeringing, teregwyysing en onderwysing in die geregtigheid. Hierdie Woord bring die kennis van die saligheid en die verlossing, en is dus tot behoud van die hoorders (1933 vertaling).

Die kontras tussen God se Woord en menslike woorde loop soos 'n rooi draad deur 2 Timoteus. Menslike woorde skep wistrae en roep stryfd op. Dit bly konteksstuele woorde wat elke keer uitleg en herminterpasie eis. Dit is tydgebonde woorde, wat aanpas en opkom uit die tydsomstandighede. Ontydigheid maak dit irrelevant en kragteloos. Dit gee gevolg aan baie leermeesters wat net sê wat graag gehoor wil word. Dit loop uit op opinies en verdigselfs, waarin voortdurend gesoek word na die gesag daarvan. Hierteenoor bring God se Woord die kennis tot verlossing en geloof in Christus Jesus by. Dit is 'n betroubare woord (2:11) waarin die een Leermeester die leerlinge voorgaan. Dit is 'n Woord wat nie deur die konteks vasgevang word nie (2:9), maar wat tydig en ontydig verkonstig kan word. Dit is 'n Woord wat vir sy eie uitdeg sorg en gesagvol leer, onderrig, vermaan, bestraf, bemoedig en troos. Want, dit is 'n Woord wat jou by Christus bring. In sy koningskap behou Hy immers die Woord. So wil Hy dit. Daarom is dit 'n volstreekte Woord, wat 'n mens netrens elders kan lees of sal hoor nie. Geen ander boek gee die kennis wat lei tot verlossing deur Jesus Christus nie. Daarom is hierdie boek, die Skrifte, onmisbaar. Daarom mag dit nie verwang word nie. Ook nie in die bediening aan die ongeleterdes nie. Daarom mag die Skrif ook nie in die vergetheoekie laat lê word asof dit niksseggend is nie. Waar die Woord lewend en weerleggend, teregwywend en onderwysend in

die geregtigheid van God gelees en bedien word, daar raak die Here God met ons besig. Daar kom Hy op ons lewens in. Daar gaan ons oë oop. Of ons kan lees of nie. Daar regter Christus. Trouens, Hy regter glad nie anders nie. So hou Hy ons lewens deur die Woord aan Hom en aan Sy geregtigheid. Elke dag bou Hy ons lewend en onderwysend op. Elke dag maak Hy ons teregtig send en werliggend heel. So kom Hy sy kerk tees as Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitkies. So skep, versorg en onderhou Hy sy kerk.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik waarom die Skrif nie oud word nie. 'n Mens kan nooit aan hom uitgelees of uitgehoor raak nie. Ons kan nooit sê dat ons presies weet wat daarin staan nie sodat dit nie meer nodig is om dit te lees nie. Die Woord is elke more nuut - ook die ou vertroude tekste kan leer nie. Die Woord is elke more nuut - ook die ou vertroude tekste.

Die geheim van die Skrif is sy oorsprong. God verenslewig Hom daarmee. So het Jesus "russe die tye" voorgestaan. Die Heilige Gees, die Gees van Christus is uiteraard daarby betrokke (vergelyk ook byvoorbeeld 2 Pet 1:16-20). Dit is so, omdat die Skrif inderdaad in die hande van ons Vader lê. Ons Here het Hom nie net eenmaal in die verre verlede met die skrywers van die Bybel benoet nie, maar Hy het Hom blywend met die Woord verenslewig. Wie getou en biddend met die Skrif omgaan sal vind dat hy daardeur aangespreek word en dat dit hom lei na die kennis van God en sy genade. Hy sal vind dat die Woord soos 'n lamp is wat in 'n donker plek skyn. En, dat dit goed is om in sy lig te bly, omdat die dag sal aanbreek en die Mōster in die harte sal opkom. Hy sal ook vind dat dit nie om 'ewe is of 'n mens met die Skrif omgaan of nie. "En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? ... Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus" (Rom 10: 13, 14, 17).

Die belydenis van die geheimenis van die wyse waarop die Woord in die hande van die Vader lê, bring ons dus onomwykbaar by die sending. Wie hierdie saak losn, sal nie meer in die sending kan staan nie.

3. TEN BESLUTTE

Staan 'n mens in diens van die Woord en sy bediening, dan vind jy rus in wat die Skrif oor sy verband met die Here voorhou. In die wete dat die Woord van die Vader kom, en dat Hy Hom op Sy eie manier daarmee blywend verenslewig, volhard jy in die bediening daarvan. Dit is die rede waarom ongeletterdes ook die inhoud van die Skrif moet verneem. Die vermoë om te lees is nie die voorwaarde vir die hoor en verstaan van die Skrif nie. Hierdie voorwaarde lê in sy oorsprong - in die hande van die Vader.

DIE TOEKOMS VAN ONS TEOLOGIESE FAKULTEITE

LAETUS O.K. LATGAN?

Daar is verskillende redes waarom mense wonder oor die bestaan van *verskillende* teologiese fakulteite - eensydig vir die Ned. Geref. Kerk en andersyd vir die Suster- en Dogterkerke. Rasionalisasie vra in hoe verre bestaande fasiliteite gedupliseer moet word.

Die *verpoblisering* van tersiere onderwys plaas 'n vraagteken agter die voortbestaan van eksklusief Afrikaanse universiteite wat by implikasie probeem vir teologiese fakulteite uitstel.

Pogings word ook aangewend om aan bestaande fakulteite studente van ander geloofsdenominasies op te lei. Die maonlike eenwording van die Ned. Geref. Kerk-familie bring noodwendig hierdie onderwerp ter sprake.

Hierby kan ook nog gevra word of die styl van teologiese opleiding tred hou met die neiging van ander vakwetenskappe aan die verskillende universiteite in Suid-Afrika.

Dit is dus dringend noodsaaklik dat hierdie probleem ons aandag verdien en dan *spesifiek vanuit 'n universitêre en akademiese perspektief*.

1. DIE TAAK VAN 'n UNIVERSITEIT

'n Belangrike twispunt in die akademiese is tans die vraag wat 'n universiteit behoort te doen en hoedat hierdie werkopdrag in diens van die gemeenskap kan staan.

Konsensus bestaan dat die taak van 'n universiteit *onderrig en navorsing* is. Die strydpunt is egter hoe dit as *gemeenskapsdiens* kan reëliseer. Hierdie vraag het nog 'n probleem na vore gebly: moet 'n universiteit *beroeftsgerigte* of *beroeftsrelatiewe* onderrig en navorsing onderneem? Vir 'n teologiese fakulteit impliseer dit dat die student of 'n grondige teologiese kennis moet verwerf wat hy later sinvol in sy beroep kan integreer (beroeftsrelatiewe onderrig) of hy moet na sy studie 'n 'pasklaar-dominante' wees (beroeftsgerigte onderrig). Sonder om hierdie sake breedvoerig te bespreek, kan gese word dat dit

- 1 Vir 'n agtergrond en beoordeling van probleme wat die moderne universiteitswese in die oë staar, kan my werk "Die wese van die universiteit: 'n Histories-strukturele perspektief, Bloemfontein: VCHO Wetenskaplike Studiereeks No. 9 (1989) geraadpleeg word.
- 2 Laetus O.K. Latgan, B.Th., Ph.D., High Noon 4, Stollreithersstraat, Fichardipark, 9322.